

NG Kerk Stellenbosch-Wes



Kerkraadstruktuur

2018

GETUIENISSKRIF

Stellenbosch-Wes se lidmate wil graag leef vanuit 'n lewende verhouding met Christus, die Hoof van die gemeente. Ons wil graag die Here toelaat om ons te snoei sodat ons kan groei en die vrug van die Heilige Gees kan dra. Ons wil graag die evangelie oral deel met die mense wat Hy oor ons lewenspaai bring.

Ons is 'n diverse gemeente wat kleuters, die jeug, jongmense, werkendes in 'n wye verskeidenheid beroepe, afgetredenes, verswakte bejaardes en mense met gestremdhede bedien. Die jeug en 'n bediening wat met hulle styl in pas is, is vir ons baie belangrik.

Die eredienste is vir ons sentrale gebeurtenisse waar die Here aanbid word, die Woord van God verkondig word en al die handeling bydra tot die beleving van 'n ontmoeting tussen God en sy gemeente.

Ons glo dat die gemeenskap van gelowiges, gebed en verdieping in die Woord baie belangrik is. Ons weet egter dat ons veel meer sal moet doen om gestalte daaraan te gee in kleingroepe, gesamentlike aksies, gasvryheid, goeie kommunikasie en die akiewe meelewing van al ons lidmate. Daar is behoefte aan geleenthede en strukture vir die opbou van verhoudings en die beoefening van die gemeenskap van gelowiges deur saam te bid, saam Bybelstudie te doen, saam te groei, saam te dien, saam te getuig en saam uit te reik.

Ons glo dat die toerusting van lidmate en van leiers baie belangrik is. Ons weet egter dat ons baie meer sal moet doen, sodat dit kan lei na standhoudende dienslewering en getuienis.

Ons glo dat ons ook in breër verband gehoorsaam moet wees aan God se opdragte oor evangelisasie, sending en versorging en wil graag hande vat met ander gemeentes en organisasies wat dieselfde doel nastreef.

VOORWOORD

Gemeentelede van die NG Kerk het deur die jare al baie veranderinge beleef. Sommige sê dit is een van die tekens dat die einde naby is, sommige gee as motivering vir die verandering om te keer dat die kerk sal "leegloop". Beide is egter ewe ver van die waarheid. Deur die eeue heen sorg God immers self dat sy Boodskap in die eerste plek, suiwer bly en in die tweede plek, van geslag na geslag oorgedra word met presies dieselfde Boodskap as in die begin.

Motivering vir enige verandering in ons samelewing moet egter gesoek word by die praktiese uitvoerbaarheid van ons verantwoordelikhede sonder om enige standarde prys te gee. In die geval van ons geloofslewe, moet verandering gemeet word teen die mees effektiefste wyse waarop ons God se opdragte, wat ons in die Bybel vind, kan uitvoer sonder om enige medegelowige in die proses te benadeel of agterweë te laat.

Die strukture van 'n kerkraad het ook deur die eeue ontwikkel tot soos ons dit vandag ken en wat deur praktyk bewys het dat dit effektief funksioneer. Hier word dus nie gepraat van 'n herstrukturering van die kerkraad nie, maar eerder 'n vaartbelyning van die funksies wat deur 'n kerkraad uitgevoer moet word.

Sommige gemeentelede voel dikwels dat hulle nie betrek word by aktiwiteite van die gemeente nie en dat daar slegs gebruik gemaak word van 'n "uitverkore" groepie mense wat altyd op die voorpunt wil staan en gesien wil word. Nou word die kans gestel om hierdie stelling verkeerd te bewys. Hierdie struktuur poog om maksimum deelname deur alle gemeentelede te bevorder.

Die gebed is dat God ons sal insig gee om hierdie struktuur te ontwikkel tot 'n logiese en effektiewe nastrewing van die gemeente se visie: *Om God se Lewende lote te wees!*

KERKRAAD

1. Visie

Met die Heilige Gees vervul, onderwerp ons onself aan die kerklike opsig en tug. Ons stel onself bereid om getroue getuies van Jesus Christus se voorbeeld as Priester, Profeet en Koning te wees. Ons gebed is dat God vir ons 'n veilige hawe in Stellenbosch-Wes sal wees waar ons in geloof kan groei en Sy boodskap van hier af kan uitdra na die wêreld.

2. Doelstellings

Die doelstellings van die kerkraad sluit aan by die getuienisskrif. Ons wil leef vanuit 'n lewende verhouding met Christus ons hoof. Ons wil deur verskillende bedienings diensbaar wees aan die gemeente en op daardie manier leiding gee aan die diverse gemeente wat Stellenbosch-Wes. Op daardie manier hoop ons om 'n verskil te maak in God se wêreld.

3. Bedieninge en take van bedieningsleier

Vir elke **bedieningsleier** geld:

- Lei in afhankelikheid van die Heer van die kerk die bediening.
- Soek 'n ondervoorsitter en mense uit gemeente wat betrokke wil raak.
- Belê vergaderings (minstens 2x per jaar) en sorg dat dit op die almanak en afkondigings wys. Die voorsitter sit die vergadering voor. Open met gebed en Skriflesing. Stuur agenda vooraf aan lede en skryf notuele (kan ook iemand anders vra) wat ook gestuur word na Marais sodat hy dit onder die kerkraadslede kan versprei.
- Kommunikeer met kerkraad, inligtingsbediening, gebedsbediening, kerkkantoor en gemeente.
- Skryf jaarlikse beplanning en verslag wat bespreek word by die laatste kerkraadsvergadering van die jaar.
- Is ouderling (O) of diaken (D)

Die hele kerkraad bestaan uit ouderlinge (O) en diakens (D). Volgens die kerkorde (16.1) is die amp van ouderling gerig op geestelike onderskeiding en leiding, versorging, bestuur en toesig. Die amp of bediening van diaken is gerig op praktiese dienswerk. Die bedieninge is op daardie manier ingedeel na die bes passende amp.

Bediening Naam	Omskrywing van bediening	Betrokke bedieninge en mense
Visionering, Toerusting en gebed (O)	Dink na oor roeping en praktiese uitleef daarvan vir gemeente en leierskap. Toerusting op gebied van teologie en bediening en leierskap. Vasstel van jaartema en opdateer kerkraad struktuur dokument. Gebedskalender, gebedsbyeenkomste, week van gebed. Voorbidding gemeente. Lief-en-Leed	- Bedieningsvoorsitter - Voorsitter: kerkraad - Voorsitter: wyke/selgroepe - Leraars (2) - Kundige lede (2)
Wyke en Selgroepe (O)	Sorg vir wykswerkers en pastorale sorg in gemeente.	- Bedieningsvoorsitter - Wykswerkers en selgroepleiers - Leraars (2) - Kantoorbestuurder
Eredienswerkers (D)	Sorg vir werkers by (weeklikse) eredienste en nagmaal.	- Bedieningsvoorsitter - Eredienswerkers - Leraars (2) - Kantoorbestuuder
Barmhartigheid (D)	Verskillende bedieninge van gemeente en Stellenbosch behoeftes	- Bedieningsvoorsitter - Betrokke gemeentelede - Leraar (AL)
Getuienis na Buite (O)	Hou kontak met sendelinge en Vlottenburg. Dink na oor uitleef van missionale roeping.	- Bedieningsvoorsitter - Betrokke gemeentelede - Leraar (DW)

Jeug (D)	Sondagskool, uitstappies, #imagine, kampnaweke, kategete, belydenisklas.	- Bedieningsvoorsitter - Kategeseleiers - Leraars (2)
Finansies (O)	Sorg vir gesonde en verantwoordelike bestuur van finansies. Stel begroting op en adviseer kerkraad oor finansiële besluite.	- Bedieningsvoorsitter - Kerkraadsvoorsitter - Ondervoorsitter kerkraad - Leraars (2) - Bedieningsleier eiendomme - Bedieningsvoorsitter wyke en selgroepe - Kantoorbestuurder
Eiendomme (O)	Optimale benutting en instandhouding van kerkgronde en pastorie.	- Bedieningsvoorsitter - Bediening visionering/toerusting - Kantoorbestuurder - Leraar (DW) - Koster - Bedieningsvoorsitter gasvryheid
Diensverhoudinge (O)	Hoor elke 2 ^e maand by personeel hoe dit gaan. Hanteer konflik tussen gemeentede/personeel. Hanteer pakette/aanstellings.	- Bedieningsvoorsitter - Voorsitter kerkraad - Kundige lede (2)
Musiek en Tegnologie (D)	Sorg vir musiek en tegnologie in eredienste.	- Bedieningsvoorsitter - Orrelis - Leraar (DW) - Betrokke gemeentede
Inligting (D)	Facebook, webblad, inligtingpakket, brosjure, Inligting kerkgebou.	- Bedieningsvoorsitter - Betrokke gemeentede - Leraar (AL) - Kantoorbestuurder
Gasvryheid (D)	Gemeente-etes, gemeentedans- en konsert. Kerkruimte en saal se aankleding.	- Bedieningsvoorsitter - Leraar (AL) - Liturgiese ruimte koördineerder - Betrokke gemeentede


4. Verhouding tussen die bedieninge

Bediening van visionering sal hieraan aandag gee!

5. Samestelling

Die kerkraad word uit die volgende saamgestel:

- 5.1 Die Leraars van die gemeente
- 5.2 Predikant in Sinodale diens (Pieter vd Walt)
- 5.2 Kerkraadsvoorsitter
- 5.3 Kantoorbestuurder
- 5.4 Ouderling prediking (Olivier Muller)
- 5.5 Moderamen verteenwoordiging (Carel vd Merwe)
- 5.5 Die bedieningsleiers van die onderskeie bedieninge soos hierbo genoem (12).
- 5.6 Twee of drie kundige (diakens) lede soos deur die Kerkraad nodig geag word.



6. Vergaderings van die Kerkraad

- 6.1 Die Kerkraad vergader ten minste **vier keer per jaar**, verkieslik aan die begin van elke kwartaal.
- 6.2 Spesiale vergaderings kan gereël word wanneer:
 - * die Kerkraad of Dagbestuur daarop besluit; of
 - * in geval ten minste 2 lede van die Kerkraad skriftelik daarvoor vra; en/of
 - * indien die voorsitter van die Kerkraad dit nodig ag.
- 6.3 Ampsdraers se dien tydperk is aanvanklik 2 jaar. Bedieningsvoorsitters wissel dus waar moontlik elke 2 jaar, en dan neem iemand anders oor. Indien daar nie iemand anders is nie, kan die dien tydperk vir 1 of 2 jaar verleng word.

6.4 Verkiesing van 'n nuwe bedieningsleier ('n ondervoorsitter word nie outomaties die nuwe bedieningsleier nie) gebeur deur name te vra van geskikte persone aan die kerkraad en die gemeente vir die beskikbare poste. Dit word skriftelik aan die kerkraadsvoorsitter gee. By die dagbestuur word daar uit die name geskikte persone gekies wat aan die Kerkraad voorgelê word. Die Kerkraad neem die uiteindelijke besluit skriftelik. Ons doen dit in biddende afhanklikheid van Jesus Christus.

7. Verantwoordelikheid en agenda van die Kerkraad

Die primêre doel van die vergaderings van die Kerkraad is geestelike evaluering; getuienis; verslag oor die werksaamhede van die gemeente; viering en visionering, en om die funksies wat gereserveer is vir 'n kerkraad ingevolge die bepalings van die Kerkorde te hanteer.

Sakelyste word so saamgestel dat hierdie doel bereik kan word.

Die Kerkraad evalueer deurlopend die maandelike verandering aan die Bedieningsstruktuur van die gemeente en neem finale besluite daarvoor.

8. Verder verrig die Kerkraad self die volgende take:

Die goedkeuring van die jaarlikse begroting en finansiële jaarstate van die gemeente op advies van die Dagbestuur; die aanpassing van hierdie Huishoudelike Reglement soos en wanneer nodig.

Die Kerkraad is bevoeg om bestuursverantwoordelikhede selfs met volmag vir afhandeling aan die Dagbestuur te deleger. Hierdie bevoegdheid word slegs beperk deur die Kerkorde en Bepalings van die NG Kerk in SA.

DAGBESTUUR

1. Visie

"God is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede" (I Kor. 14 : 33). Met dié woorde van I Kor. 14:33 en met ons eie onvermoë in gedagte sal ons daarna streef om ook hierdie gemeente van God te bestuur soos Hy dit bedoel het en slegs deur staat te maak op die Krag van die Heilige Gees.


2. Doelstelling

Die Dagbestuur sal hom beywer vir die effektiewe en gekoördineerde daaglikse verloop van die gemeente se organisasie en werksaamhede.

3. Samestelling

- 3.1 Die Leraars van die gemeente
- 3.2 Die Kantoorbestuurder
- 3.3 Kerkraad voorsitter
- 3.4 Bedieningsvoorsitter Visionering, Toerusting en gebed
- 3.5 Twee (2) bedieninge: eredienswerkers en wyke/selgroepe.

Eredienswerkers omdat hulle op 'n weeklikse basis die gemeente dien en wyke/selgroepe omdat dit die primere kommunikasiekanaal is na die gemeente toe. Enige ander bedieningsvoorsitter kan ook gevra word om, indien nodig, die vergadering by te woon.



4. Taakoms krywing

- 4.1 Die oorhoofse doel en verantwoordelikheid van die Dagbestuur is die bestuur en koördinerings van die bediening van die gemeente met die oog op die uitleef van die gemeente se Visie. Met die oog daarop word deurlopend aandag gegee aan kernfasette soos: Bediening, Toerusting en Versorging.
- 4.2 Adviseer die kerkraad met betrekking tot die aanstelling van ampsdraers.
- 4.3 Adviseer die kerkraad met betrekking tot die bepalinge en besluite van die Kerkorde, reglemente en meerdere vergaderings.
- 4.4 Tree op as amptelike spreekbuis van die gemeente.
- 4.5 Hanteer sake wat deur die Kerkraad na hulle verwys is, en finaliseer dit indien daar so opdrag gegee is.
- 4.6 Die Dagbestuur sal reg tot koöptering hê.
- 4.7 Die voorsitter van die Dagbestuur is die leraar(s) van die gemeente.
- 4.8 Die Dagbestuur vergader Maandeliks of soos wanneer nodig.
- 4.9 Die take is as volg:

Rol	Omskrywing
Kerkraad Voorsitter	Verslae en beplanning bedieninge. Lei kerkraadsvergaderings. Hanteer konflik binne bedieninge. Hanteer verkiesing bedieningsvoorsitters.
Visionering, toerusting en gebed	Visionering en Toerusting & in gesprek met gebedsbediening
Wyke en kleingroepe	Lei vergaderings vir wykswerkers (2x per jaar), soek wykswerkers en ondersteun hulle. Is verantwoordelik vir taakoms krywing wykswerkers.
Eredienswerkers	Lei vergaderings met eredienswerkers, soek nuwe eredienswerkers en is verantwoordelik vir taakoms krywing eredienswerkers.
Kantoorbestuurder	Daaglikse bestuur in kantoor.
Leraar(s)	Betrokke by wyke, bedieninge, bestuur. Hulle lei die dagbestuur vergadering.

TAKE WYKSWERKERS / SELGROEPE EN EREDIENSWERKERS

Wykswerkers en selgroepe

1. Visie

" Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou"
(Hebr. 11:5).

Met die enigste begeerte om naby God te lewe, moet ons in ons woorde en daede medegelowiges in die gemeente lei om met volle oorgawe, en met Christus as voorbeeld, deel te neem aan alle aktiwiteite wat lei tot die uitbouing van die koninkryk van God.

Elke jaar sal die wykswerkers bekendgestel word en vir hulle gebid word in 'n erediens aan die begin van die jaar.

2. Doelstellings

- 2.1 Bid vir die wyksmense (sien gebedskalender).
- 2.2 Is die kontakpersoon vir 'n wyk.
- 2.3 Bevorder aktiewe deelname van elke gemeentelid, deur bv. Wyksbyeenkomste te reël en gemeentelid se gawes te identifiseer en aan bediening voorsitters te kommunikeer.
- 2.4 Sien toe na die insameling van alle dankoffers.
- 2.5 Sien om na die geesteswelstand van die gemeente.
- 2.6 Meld krisis gevalle met betrekking tot barmhartigheid aan by die kerkraad en sien toe dat hulp verleen word.
- 2.7 Woon vergaderinge vir wyke/selgroepe by.
- 2.8 Soek mense in die wyk wat by hulle kan oorneem as hulle twee jaar gedien het. As daar niemand is nie dan kan hulle termyn met twee jaar verleng word.

3. Samestelling

- 3.1 Hierdie groep bestaan uit gewillige lidmate wat in 'n betrokke wyk dienswerk lewer en uit selgroepleiers.
- 3.2 Die groep se organisasie en bestuur word behartig deur die bedieningsleier wykse en selgroepe.

Eredienswerkers

1. Visie

“Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.” (Hebreërs 10:25)

Die samekoms van gelowiges op 'n Sondag behoort vir elke lidmaat 'n hoogtepunt te wees op sy weeklikse kalender. Ook hier wil ons die Here voluit dien, en sorg dat die Erediens 'n feesgeleentheid is waar al die eer aan God gaan.

2. Doelstellings

- 2.1 Eredienswerkers is verantwoordelik vir dienslewering by 'n Sondag Erediens.
- 2.2 Kollekte opneem, Nagmaal bedien, Deurkollekte opneem, verwelkoming by die deure en help om die geld te tel na afloop van die diens.
- 2.3 Hulle funksioneer volgens 'n rooster wat beskikbaar is in die konsitorie en aan almal vroegtydig gesirkuleer word.

3. Samestelling

- 3.1 Hierdie groep bestaan uit gewillige lidmate wat in 'n erediens dienswerk doen.
- 3.2 Die groep se organisasie en bestuur word behartig deur die bedieningsleier eredienswerkers.